# Die Onse Vader Minute to win it

**Speletjie 1: Borrel resies:**

Deel die groep op in twee gelyke spanne en laat hulle in rye agter mekaar staan. Gee vir die eerste kind in elke ry 'n botteltjie met borrels. Aan die oorkant van elke ry moet 'n leier staan met 'n hoola hoop. Die kind blaas 'n borrel en probeer die borrel heeltyd in die lug hou totdat hulle by die hoola hoop kom en dit dan deurblaas. Dan hardloop hulle terug na die ry en gee die borrels aan vir die volgende kind in die ry. Kom ons kyk wie is eerste klaar of watter groep kan die meeste borrels in een minuut se tyd deur hulle hoola hoop blaas.

**Onse Vader wat in die hemel is:**
God is ons hemelse Vader, nie ons aardse Pa wat ons teleurstel nie.

**Speletjie 2: Groot God lysie:**

Gee vir elke groep 'n pen, backing board en papier. Kyk wie kan in een minuut se tyd die langste lys maak van spesiale dinge wat net God kan doen.

**Laat U naam geheilig word:**
Selfs al wil God hê ons moet Hom ons Vader noem, moet ons weet dat Hy steeds God is.

**Speletjie 3: Padteken:**

Gee vir elke groep 'n blaai, backing board en gems. Hulle het 'n minuut kans om te beplan aan 'n padteken van wat hulle dink God sal wil hê ons moet doen. Dan het hulle 'n minuut tyd om die padteken op die blaai te teken.

**Laat U koninkryk kom; Laat U wil geskied, soos in die hemel, net so ook op die aarde:**
Ons weet dat daar slegte dinge in die wêreld gebeur, ons bid dat ons families in vrede en liefde met mekaar sal leef. As ons God se kinders is, moet ons elke dag leef soos God wil hê ons moet leef.

**Speletjie 4: Daaglikse brood stapel.**

Die doel van die speletjie is vir elke span om 'n groot toebroodjie te maak met 'n deel van die Onse Vader tussenin elke stukkie brood in die regte volgorde. Vir voorbereiding maak jy genoeg broodjies (aangeheg, NIE regte brood nie) sodat jy 'n broodjie het wat onder is en dan 'n strokie van die Onse Vader. Dan kom nog 'n sny brood en weer 'n strokie van die Onse Vader. Dit gaan so aan todat jy by amen kom. Dan kom daar 'n stukkie brood bo om die toebroodjie toe te maak. Kyk wie kan die vinnigste die broodjie gemaak kry.

**Gee ons vandag ons daaglikse brood:**

God het in die woestyn elke dag vir die Israeliete manna gegee om te eet, en hulle het elke dag genoeg gehad om te eet. So sê God vir ons in hierdie gebed om Hom elke dag te vra vir dit wat ons van Hom nodig het.

**Speletjie 5: Opgelos:**
Gee vir elke groep 'n glas water, 'n teelepel en dan ook 'n teelepel suiker afgemeet in 'n houer. Wanneer jy die een minuut begin, moet die groepe die suiker in die water gooi en dit begin roer. Kom ons kyk wie se suiker het die meeste opgelos in een minuut se tyd.

**En vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe:** Vra die kinders om te dink aan iemand wie hulle moet vergewe. Al is ons seer, kan ons God vra om ons te help om die mense te vergewe wat ons seergemaak het.

**Speletjie 6: Blinde legkaart bou:**

Gee vir elke groep genoeg blinddoeke sodat elke kind geblinddoek kan word. Sodra hulle geblinddoek is, sit 'n maklike legkaart in die middel van die groep neer met die stukke langsaan. Met behulp van die leier, moet die groep nou die legkaart bou deur te luister na die instruksies. Hulle het een minuut om te kyk hoe ver hulle die legkaart gebou kan kry.


**En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose:**
Satan wil hê dat ons God moet los en teruggaan na hom toe. Soms wil ons vreeslik graag 'n verkeerde ding doen en ons vra nou vir God om ons oë blind te maak vir verkeerde dinge en dat Hy ons sal help om die regte pad te stap. Ons vra dat Hy verkeerde dinge van ons sal weghou.

**Speletjie 7: Geheue speletjie:**

Gee vir elke groep 'n lys met die name vir pa in verskillende tale. Die groepe kry een minuut om te kyk hoeveel van die name hulle kan memoriseer. Na die minuut verby is, word die lys weggeneem en moet hulle op 'n blaai al die name wat hulle kan onthou neerskryf. Hulle kry ook slegs een minuut om dit te doen. Kom ons kyk wie kan die meeste name onthou.

**Want aan U behoort die koninkryk, en die krag en die heerlikheid, tot in ewigheid, Amen.**
God is die Groot, Almagtige Koning van die hemel en die aarde, Hy het alles gemaak en alles behoort aan Hom. Kom ons klap vir God hande oor Hy so goed en awesome is. Sluit af in die groepies en sê vir God dankie dat Hy die Groot God is, en dat Hy ook Jou groot God en Vader kan wees.

## Speletjie 4: Brood stapel



**Speletjie 4: Brood stapel**

Onse Vader wat in die hemel is

Laat U naam geheilig word

Laat U koninkryk kom; Laat U wil geskied, soos in die hemel, net so ook op die aarde

Gee ons vandag ons daaglikse brood

En vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe

En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose

Want aan U behoort die koninkryk, en die krag en die heerlikheid, tot in ewigheid

Amen

**Speletjie 7: Geheue speletjie**

# Saying Father In Different Languages

| **Language** | **Father** |
|---|---|
| Afrikaans | Vader |
| **Bangla** | Baba or Abba |
| Basque | Aita |
| Bolognese | Peder |
| Brazilian Portuguese | Pai |
| Breton | Tad |
| **Chinese** | Ba (Baa) |
| Cree (Canada) | Papa |
| Croatian | Otac |
| Czech | Tata, Otec |
| Dakota (USA) | Ate |
| Dutch | Vader, Papa or Pappie |
| East African | Baba |
| English | Father, Dad, Daddy, Pop, Poppa or Papa |
| Filipino | Tatay, Itay, Tay or Ama |
| Galician | Pai |
| **German** | Vater or Papa |
| Hebrew | Abba (h) |
| **Hindi** | Papa or Pita-ji |
| Hungarian | Apa, Apu, Papa or Edesapa |
| Icelandic | Pabbi or Faoir |
| Indonesian | Bapa, Ayah or Pak |
| Irish | Athair or Daidí |
| Italian | Babbo |
| Japanese | Otosan or Papa |
| Spanish | Padre, |
| Ladin | Pere |
| Latin | Pater, Papa or Atta |
| Luo (Kenya) | Baba |
| Malay | Bapa |
| Maltese | Missier |
| Modern Greek | Babbas |
| Nahuatl (Mexico) | Ta |
| Nepali | Buwa |
| Norwegian | Pappa or Far |
| Persian / Farsi | Pedar, Pitar or Baabaa |
| Polish | Tata or Ojciec |
| Portuguese | Pai |